



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **TOERISME**

### **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

**2015**

**Hierdie riglyne bestaan uit 32 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

<b>1.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>3</b>
<b>2.</b>	<b>ONDERWYSERRIGLYNE: ADMINISTRASIE, VERANTWOORDELIKHEDE EN MODERERING</b>	<b>3</b>
2.1	Administrasie van die PAT	3
2.1.1	Die onderwyser se PAT-portefeulje	3
2.1.2	Bestuur van die PAT	4
2.2	Die verantwoordelikheid van die onderwyser	4
2.3	Moderering van die PAT	5
<b>3.</b>	<b>LEERDERRIGLYNE</b>	<b>7</b>
3.1	Vereistes van die PAT	7
3.2	Tydraamwerke	7
3.3	Afwesigheid/Nie-inlewering van die PAT	7
3.4	Verklaring van Egtheid	7
3.5	Die praktiese assesseringstaak (PAT)	9
3.6	Assesseringsinstrument	18
<b>4.</b>	<b>BRONNELYS</b>	<b>23</b>
4.1	PAT-puntestaat (TOER01)	24
4.2	Nasionale modereringsinstrument (TOER02)	25
4.3	Leerder se Verklaring van Egtheid (TOER03)	27
4.4	Onderwyser se Verklaring van Egtheid (TOER04)	28
4.5	Kaart van die Noord-Kaap (TOER05)	29
4.6	Template van <i>The Awesome Race</i> -spelkaart (TOER06)	31
<b>5.</b>	<b>GEVOLGTREKKING</b>	<b>32</b>

## 1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- **LANDBOU:** Landboubestuurswetenskappe, Landbou-  
tegnologie
- **KUNS:** Dans, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek,  
Visuele Kunste
- **WETENSKAPPE:** Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtings-  
tegnologie
- **DIENSTE:** Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- **TEGNOLOGIE:** Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie,  
Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en  
ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. ONDERWYSERRIGLYNE: ADMINISTRASIE, VERANTWOORDELIKHEDE EN MODERERING

### 2.1 Administrasie van die PAT

#### 2.1.1 Die onderwyser se PAT-portefeulje

Daar word van elke onderwyser verwag om 'n PAT-portefeulje saam te stel wat die volgende bevat:

- Voorblad met die naam van die skool, die onderwyser, die vak en die jaar van assessering.
- PAT-bestuursplan
- Die PAT-dokument vir die jaar van assessering
- Memorandum wat deur die onderwyser ontwikkel is
- Amptelike PAT-puntestaat (TOER01)
- Bewyse van alle modereringsvlakke (verslae)
- Nasionale modereringsinstrument (TOER02)
- Verklaring van egtheid deur die onderwyser (TOER04)

### 2.1.2 Bestuur van die PAT

Hierdie praktiese assesseringstaak is die enigste amptelike praktiese eksamen vir graad 12-Toerisme-leerders in 2015. Die PAT mag onder geen omstandighede vervang word met enige ander praktiese eksamentaak nie.

- Die praktiese assesseringstaak vir Toerisme het TWEE fases. Die nasien van Fase 1 moet teen die middel van Junie 2015 voltooi wees en Fase 2 teen die einde van Augustus 2015.
- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale eksterne eksamen vir Toerisme. Daar word van elke leerder verwag om sy/haar eie PAT te ontwikkel en in te lewer onder leiding van die onderwyser.
- Geen gedeelte van die amptelike PAT 2015-Toerisme-dokument mag oorgetik, geredigeer of verander word nie. Die nasionale Departement van Basiese Onderwys se logo mag NIE vervang word met enige ander logo nie.
- Die PAT moet gedurende skoolure onder gekontroleerde omstandighede gedoen word om afskryf te voorkom en slegs sekere afdelings waar navorsing vereis word, kan as tuiswerk voltooi word.
- Gereelde lestye moet gedurende Toerisme-periodes toegeken word, bv. 'n dubbel periode elke tweede week, namiddagklasse ens. sodat leerders die PAT onder die leiding en toesig van die onderwyser kan voltooi. 'n Onderwyser mag ook 'n week per kwartaal afbaken om die PAT onder gekontroleerde omstandighede te voltooi.
- Daar word sterk aanbeveel dat die nasien van die afdelings van die PAT op 'n deurlopende basis gedoen word om individuele vordering te monitor.
- Bewyse van voltooide afdelings van die PAT moet **ten alle tye** in die klaskamer beskikbaar wees in die loop van die jaar vir beide interne en eksterne verifikasie- en moniteringsdoeleindes.
- Slegs template wat in die amptelike PAT-dokument voorsien word, mag gebruik word om die taak te standaardiseer. Onderwysers MAG NIE template vir enige ander afdelings van die taak ontwikkel NIE.

### 2.2 Die verantwoordelikheid van die onderwyser

Dit is die verantwoordelikheid van die onderwyser om te verseker dat alle leerders beide fases van die PAT voltooi.

- Daar word van onderwysers verwag om 'n PAT-bestuursplan vir albei fases van die PAT te ontwikkel. Die bestuursplan moet die onderrig, assessering en kontrole van die PAT aandui. Hierdie plan moet aan die begin van die jaar saamgestel word.
- Elke leerder moet 'n afskrif van die afdeling 'Instruksies aan Leerders' (*bladsy 6 tot 22 van die PAT-dokument*) en template TOER05 en TOER06 ontvang.

- Daar word van onderwysers verwag om navorsing te doen en hulle eie memorandum vir VRAAG 3, 4, 5, 7 en 10 op te stel voordat hulle met die PAT begin.
- Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om die leerder deur die hele deur die taak te lei en te ondersteun.
- Die onderwyser MOET die assesseringsinstrumente, saam met hulle nasienmemoranda, asook die nasionale nasienriglyn verskaf, gebruik om nasien te standaardiseer.
- Die PAT moet geassesseer en gekontroleer word en die egtheid daarvan moet deur die onderwyser verklaar word voordat dit as die leerder se bewys van prestasie ingedien word.
- Onderwysers moet die Verklaring van Egtheid-vorm (TOER03) aan leerders verskaf voor die finale inlewering van die PAT.
- Die onderwyser moet die nodige dokumentasie soos deur die Departement van Basiese Onderwys vereis, voltooi en/of onderteken:
  1. Amptelike puntestaat (Vorm TOER01)
  2. Nasionale modereringsinstrument (TOER02) – vir gebruik gedurende moderering
  3. Ondertekende Leerder Verklaring van Egtheid (TOER03)
  4. Onderwyser se Verklaring van Egtheid (TOER04)

### 2.3 Moderering van die PAT (Intern en Ekstern)

Interne en eksterne moderering sal verseker dat daar aan die kwaliteit en standaard van die praktiese assesseringstaak, soos dit in Afdeling 4 van die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklaring vir Toerisme vervat is.

- Departementele amptenare sal willekeurig leerders se PAT-portefeuljes kies.
- Moderering sal op verskillende vlakke gedoen word.
- Die modereringsinstrument verskaf (TOER02) sal gebruik word om nasien gedurende die volgende modereringsvlakke te standaardiseer:
  - Vlak 1: Interne moderering
  - Vlak 2: Groepsmoderering ('cluster moderation')
  - Vlak 3: Distriksmoderering
  - Vlak 4: Provinsiale moderering
  - Vlak 5: Nasionale moderering
- UMALUSI moderering:
  - Vlak 6: Umalusi-moderering
- Bewyse van die geskiedenis van moderering op die verskillende vlakke moet in die onderwyser se PAT-portefeulje geliasseer word.
- Dit is die verantwoordelikheid van vakhoofde, departementshoofde, skoolhoofde en vakadviseurs om volgehoue moderering van die PAT te verseker.
- Die praktiese assesseringstaak sal ekstern gemodereer word deur die Departement van Basiese Onderwys.
- Umalusi mag provinsies en skole identifiseer vir bykomende moderering.



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **TOERISME**

### **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

# **2015**

## **INSTRUKSIES AAN LEERDERS**

**Naam van leerder:** ..... **Graad 12** .....

**Naam van skool:** .....

**Naam van onderwyser:** .....

### 3. RIGLYNE AAN LEERDERS

#### 3.1 Vereistes vir die PAT

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Leerders wat nie aan die vereistes van die PAT voldoen nie, sal nie uitslae in Toerisme ontvang nie.
- Die PAT moet in twee fases (Fase 1 en Fase 2) gedoen word.
- Die PAT moet hoofsaaklik in skooltyd onder die toesig van die onderwyser gedoen word. Slegs sekere gedeeltes soos navorsing kan as tuiswerk voltooi word. Die hele PAT mag onder geen omstandighede tuis gedoen word nie.
- Leerders word aangeraai om die assesseringsinstrument wat verskaf word te raadpleeg vir verdere leiding oor wat in die vraag verwag word.
- Een van die doelwitte van die PAT is om navorsingsvaardighede te ontwikkel. Dit is daarom die verantwoordelikheid van die leerder om soveel moontlik navorsing te doen en sodoende die leerproses te versterk.
- Die finale voltooide PAT vir beide Fase 1 en 2 moet in A4-grootte saamgestel word en in die volgorde van die Instruksies aan Leerders aangebied word.
- Punte word toegeken vir spelling, taalgebruik en algehele indruk van die PAT.
- Die finale voltooide fases moet op die datums wat deur die onderwyser bepaal is, ingelewer word.
- Die voltooide afdelings van die PAT moet by die skool bewaar word vir modereringsdoeleindes.

#### 3.2 Tydraamwerke

Om alle administratiewe prosesse betyds gereed te kry vir die uitslae, moet leerders streng hou by die tydraamwerke soos deur die onderwyser vasgestel.

Die tabel hieronder dui die tydraamwerk aan vir die inlewering van die 2015-Toerisme-PAT.

AFDELING VAN DIE PAT	VOLTOOIING
FASE 1	Laaste week in Mei 2015
FASE 2	Laaste week in Julie 2015

#### 3.3 Afwesigheid/Versuim om die PAT in te gee

Beide leerders en ouers moet kennis neem dat die Toerisme-PAT 'n noodsaaklike deel van die vak is. Indien die PAT vir graad 12 nie voltooi is nie omdat die leerder sonder 'n geldige rede afwesig was, sal die leerder 'n onvolledige uitslag kry.

Dit is daarom uiters belangrik dat die PAT-taak voltooi en ingelewer word op die datums wat deur die onderwyser bepaal is.

#### 3.4 Verklaring van Egtheid

Leerders moet 'n Verklaring van Egtheid-vorm (TOER03) tydens finale inlewering van die PAT voltooi en onderteken. In hierdie verklaring bevestig die leerder dat die werk wat vir assessering van die Toerisme-PAT ingelewer is, die leerder se eie werk is. Die vorm sal deur die onderwyser verskaf word.


**basic education**

 Department:  
 Basic Education  
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## LEERDER SE VERKLARING VAN EGTHEID (TOER03)

NAAM VAN SKOOL:	
NAAM VAN LEERDER:	
EKSAMENNOMMER:	
GRAAD:	

Ek verklaar hiermee dat ALLE ITEMS in hierdie portefeulje my eie, oorspronklike werk is en dat waar ek van bronne gebruik gemaak het, ek erkenning aan die bronne gegee het.

HANDTEKENING: LEERDER

DATUM:

Sover my kennis strek, is die verklaring deur die leerder hierbo die waarheid en ek aanvaar dat die werk wat ingelewer is, sy/haar eie is.

HANDTEKENING: ONDERWYSER

DATUM:

**SKOOLSTEMPEL**



## 3.5 Die praktiese assesseringstaak (PAT)

## THE AWESOME RACE 2015

[Bron: [www.theamazingrace.com](http://www.theamazingrace.com)]

**The Awesome Race 2015** is 'n realiteitspeletjiesprogram op televisie waar spanne, wat uit twee persone bestaan, met ander spanne meeding in 'n wedloop om die wêreld. Deelnemers probeer om eerste by 'n kontrolepunt ('pit stop') aan die einde van elke been van die wedloop te kom. Hulle wen pryse en probeer om nie laaste aan te kom nie omdat die moontlikheid bestaan dat hulle uitgeskakel kan word of in die volgende been van die wedloop benadeel kan word.

Deelnemers reis na baie lande en gebruik verskillende vervoerwyses, bv. vliegtuie, warmlugbalonne, helikopters, vragmotors, fietse, taxi's, motors, 4x4-voertuie, treine, busse, bote en soms moet hulle te voet voortgaan. Leidrade wat tydens elke been van die wedloop gegee en lei spanne na die volgende bestemming of gee instruksies hoe 'n taak uitgevoer moet word, óf saam óf deur net een van die spanlede. Hierdie uitdagings hou verband met die kultuur van die land waar die spanne hulle bevind. Spanne word progressief uitgeskakel totdat daar net drie spanne oor is. Die span wat dan eerste in die finale been van die wedloop arriveer, ontvang die groot prys van een miljoen VS-dollar.

[Aangepas uit [www.amazingrace.com](http://www.amazingrace.com)]

## WOORDELYS

Televisie-realiteitspeletjiesprogram	'n Program op TV waar mense verfilm word terwyl hulle aan 'n speletjiesprogram deelneem.
Deelnemers	Mense wat aan 'n kompetisie deelneem, in hierdie geval, 'n wedloop.
Been van die wedloop	Verskillende dele van die wedloop. Kan verwys na die roete tussen twee lande of binne een land.
Roetemerkers	Roetemerkers is uniek gekleurde vloeistof wat die plekke aandui waarheen die spanne moet gaan. Ander kan gebruik om die roete aan te dui.
Roete-inligting ('Route info')	'n Inligtingsblad wat vir spanne aandui waarheen hulle moet gaan om hulle nuwe leidradehouer te vind.
Leidradehouers	'n Houer waarin die leidrade geplaas word.
Leidradekoevert wat leidrade bevat	'n A5-grootte koevert wat die volgende leidrade bevat. Die koevert is in die kleure van <i>The Awesome Race</i> -handelsmerk, geel en swart.
Leidrade	Die leidrade word op 'n A5-strokie papier gedruk en bevat die volgende inligting: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Take wat spanne moet voltooi</li> <li>• Aanwysings vir spanne oor waarheen hulle moet gaan</li> <li>• Spesifieke inligting wat spanne tydens die wedloop leiding gee</li> </ul>

Funksie van leidrade	Nadat die leidraad gevind is, maak spanne die koevert oop en lees die instruksies wat op die leidraadblad gegee word hardop en volg dan die instruksies. Daar word gewoonlik van spanne verwag om elke leidraad gedurende elke been van die wedloop te vind. Hulle hou die inligting by hulle totdat hulle die volgende kontrolepunt ('pit stop') bereik, waar dit dan ingelewer word.
Uitdagings	Veeleisende aktiwiteite wat deur spanne uitgevoer word as deel van die wedloop en op die leidraadblad gevind word. Uitdagings kan ompaaie en padblokkades insluit.
Ompad ('Detour')	'n Ompad is 'n aktiwiteit in die wedloop waar daar 'n keuse tussen twee take is, elk met sy eie uitdagings. Spanne moet 'n taak kies op min inligting gebaseer. Gewoonlik is een taak fisies terwyl die ander denkvaardighede vereis.
Padblokkade ('Road block')	'n Padblokkade is 'n taak wat slegs een lid van die span mag uitvoer. Spanne moet een lid kies wat 'n onbekende taak moet doen. Hulle mag op geen tydstip spanmaats omruil nie, maar die ander spanlid mag raad en ondersteuning gee.
Uitskakeling	Om uit die wedloop te wees – die laaste span wat by 'n kontrolepunt ('pit stop') opdaag, kan huis toe gestuur word.
Kontrolepunt ('Pit stop')	Die einde van 'n spesifieke been van die wedloop of die finale bestemming van die wedloop.

### SCENARIO

'n Meksikaanse paartjie is deelnemers aan The Awesome Race 2015.

Die wedloop bestaan uit VIER bene:

- Been 1: Meksiko
- Been 2: Peru
- Been 3: Brasilië
- Been 4: Suid-Afrika

Spanne kom in Cancun, Meksiko, bymekaar om hulle eerste leidraad te ontvang wat hulle na die internasionale ikoon in die Yucatan-skiereiland sal neem. By hierdie ikoon, wat ook 'n Wêrelderfenisterrein is, sal hulle die tweede leidraad ontvang. Dit sal hulle na die internasionale ikoon in die Cusco-streek in Peru neem waar hulle TWEE dae sal deurbring voordat hulle die derde leidraad sal ontvang. Hierdie leidraad sal hulle na Brasilië se internasionale ikoon neem wat die laaste deel van die Suid-Amerikaanse been van die wedloop uitmaak.

Hulle sal vanaf Brasilië na Suid-Afrika vertrek, die finale been van die wedloop, waar die Bloodhound-geleentheid by Hakskeenpan in die Noord-Kaap gaan plaasvind. Dit is ook die finale kontrolepunt ('pit stop') van die wedloop.

**AGTERGRONDINLIGTING****Profiele van deelnemers**

- Nasionaliteit: Meksikaans
- 'n Span wat uit twee persone bestaan

**Roetes****Been 1**

Die paartjie begin die wedloop in die Yucatan-skiereiland, Meksiko. (1 dag)

**Been 2**

Hulle sal twee dae in Peru deurbring om die uitdagings te voltooi. (2 dae)

**Been 3**

Hulle sal twee dae in Brasilië deurbring om die uitdagings te voltooi. (2 dae + vliegtyd)

**Been 4**

Hulle sal vyf dae in Suid-Afrika deurbring om die uitdagings te voltooi. (5 dae)

Die wedloop eindig op dag tien by die OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg.

**Besienswaardighede/Aktiwiteite**

- Wêreldikone in Suid-Amerika
- Kgalagadi Oorgrenspark, Noord-Kaap
- Projek Bloodhound by Hakskeenpan, Noord-Kaap

**Vervoer**

- Vlugte vanaf São Paulo na Johannesburg
- Vlugte na en van OR Tambo na Upington
- Geborgde 4x4-voertuie vanaf Upington Internasionale Lughawe
- Watervoer: riviertaxi in Upington

**VOORGESTELDE BRONNE VIR DIE TAAK**

Tydskrifte, brosjures, koerante oor avontuur-, kulturele- en erfenistoerisme in Meksiko, Peru, Brasilië en Suid-Afrika.

**NUTTIGE WEBTUISTES**

[www.xauslodge.co.za](http://www.xauslodge.co.za)

[www.visasouthafrica.org](http://www.visasouthafrica.org)

[www.bloodhoundssc.com](http://www.bloodhoundssc.com)

[www.travelstart.co.za](http://www.travelstart.co.za)

[www.hostelworld.com](http://www.hostelworld.com)

[www.whc.unesco.org/en/list](http://www.whc.unesco.org/en/list)

<http://www.home-affairs.gov.za/index.php/applying-vir-sa-visum>

<http://www.southafrica-newyork.net/homeaffairs/forms/bi84.pdf>

[www.arkie.co.za](http://www.arkie.co.za)

[www.experiencenortherncape.com](http://www.experiencenortherncape.com)

[www.store.banknotes.com](http://www.store.banknotes.com)

[www.upington.com](http://www.upington.com)

[www.savenues.com/mapsnorthern-cape-regional.htm](http://www.savenues.com/mapsnorthern-cape-regional.htm)

[www.rainbownation.com/travel/mapsindex/asp?loc=17](http://www.rainbownation.com/travel/mapsindex/asp?loc=17)

[www.molopo.co.za](http://www.molopo.co.za)

<http://experiencenortherncape.com/visitor/explore-die-northern-cape/roetes/kalahari-red-dune-roete>

<http://www.southafrica.net/za/en/articles/toegangs/article-hakskeen-pan-northern-cape>

**THE AWESOME RACE 2015****FASE 1**

1.	<p><b>Voorblad vir The Awesome Race 2015</b></p> <p>Ontwerp 'n voorblad vir: The Awesome Race 2015.</p> <p>Die voorblad moet die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Slagspreuk vir die wedloop</li> <li>• Die amptelike logo van die wedloop</li> <li>• 'n Collage met byskrifte wat die aktiwiteite, besienswaardighede en ikone van die vier bene van The Awesome Race 2015 uitbeeld</li> </ul>	<b>(4)</b>
2.	<p><b>Profiele van deelnemers aan The Awesome Race 2015</b></p> <p>Stel 'n profiel vir elk van die twee Meksikaanse deelnemers van The Awesome Race 2015 saam.</p> <p>Sluit die volgende in tabelvorm in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Foto</li> <li>• Verwantskap met mekaar</li> <li>• Ouderdomsgroep</li> <li>• Beroep</li> </ul>	<b>(8)</b>
3.	<p><b>The Awesome Race 2015-roetekaart</b></p> <p>Gebruik 'n tydsonekaart uit 'n vorige eksamenvraestel.</p> <p>3.1 Gebruik 'n pen met gekleurde ink en teken lyne en pyle om die roete en reisrigting vir elke been van The Awesome Race 2015 op die kaart aan te dui. (2)</p> <p>3.2 Dui die tydsone vir elk van die besienswaardighede wat gedurende die wedloop besoek gaan word op die tydsonekaart aan. (4)</p>	<b>(6)</b>
4.	<p><b>Verblyf</b></p> <p>Kies EEN eko-rugsakverblyfplek in Cusco in Peru. Kies EEN kulturele verblyfplek, in privaat besit, in die Kgalagadi Oorgrenspark in die Noord-Kaap.</p> <p>Noem die volgende vir elke soort verblyf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Naam (2)</li> <li>• Ligging (volledige fisiese adres en EEN kontakbesonderhede) (4)</li> <li>• TWEE dienste wat deur elke onderneming aangebied word (4)</li> <li>• Verduidelik EEN rede waarom die organiseerders van die wedloop elke tipe verblyfplek as 'n kontrolepunt ('pit stop') vir daardie been van die wedloop gekies het. (4)</li> </ul>	<b>(14)</b>

5.	<p><b>5.1 Besienswaardighede</b></p> <p>Deelnemers aan The Awesome Race 2015 ontvang leidraadkoeverte met leirade vir elke been van die wedloop wat hulle sal help om hulle volgende bestemming te vind.</p> <p>5.1.1 Ontwerp die leidraadkoeverte vir elke been van die wedloop. (2)</p> <p>5.1.2 Skep VIER leirade wat die deelnemers na die volgende uitdaging sal lei. Elke leirade moet die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die stad/dorp</li> <li>• Die naam van die besienswaardigheid of aktiwiteit</li> <li>• EEN beskrywing van elke besienswaardigheid of aktiwiteit (4 x 4) <b>(18)</b></li> </ul>	
	<p><b>5.2 Webtuiste-artikel</b></p> <p>Jy is die media-verslaggewer vir The Awesome Race 2015.</p> <p>Skryf 'n artikel (250–300 woorde) vir The Awesome Race 2015-webtuiste waarin jy verduidelik waarom die ikoon in Cusco Wêrelderfenis-status ontvang het.</p> <p>Sluit die volgende by jou artikel in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die rol van UNESCO (2)</li> <li>• Waarom die ikoon in Cusco aan UNESCO se kriteria voldoen (2)</li> <li>• Noem VYF faktore met voorbeelde wat tot die sukses van hierdie ikoon bydra. (10)</li> <li>• Bespreek EEN punt/feit per pilaar oor hoe hierdie ikoon aan die driedubbele-slotreël-benadering voldoen. (6) <b>(20)</b></li> </ul>	
6.	<p><b>Visum-aansoek</b></p> <p>Gebruik 'n afskrif van 'n Suid-Afrikaanse visum-aansoekvorm, beskikbaar op die Internet, vir een van die Meksikaanse deelnemers aan The Awesome Race 2015.</p> <p>6.1 Voltooi die aansoekvorm vir EEN van die deelnemers. (5)</p> <p>6.2 Stel 'n afmerklys saam van alle ondersteunende dokumente wat saam met die voltooide visum-aansoekvorm ingelewer moet word. (Minimum van VYF dokumente) (5) <b>(10)</b></p>	

7.	<b>Doeanevereistes</b>					
	Die deelnemers aan The Awesome Race 2015 moet bewus wees van die doeanen en ander toegangsvereistes vir elk van die drie lande in die wedloop.					
	7.1 Gebruik die tabel hieronder en noem die doeanen en ander toegangsvereistes vir die drie lande. Verskaf EEN voorbeeld vir elke land.					
			<b>PERU</b>		<b>BRASILIË</b>	<b>SUID-AFRIKA</b>
	7.1.1	Beperkte items				
7.1.2	Verbode items					
7.1.3	Belastingvrye bedrag					
7.1.4	Gesondheidsvereistes					
				<b>(12)</b>		
7.2	Verskaf 'n prent van elk van die geldeenhede wat die organiseerders aan die deelnemers sal gee om in die volgende lande te gebruik: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Meksiko</li> <li>• Peru</li> <li>• Brasilië</li> </ul>			<b>(3)</b>		
7.3	<b>Internasionale bestuur</b>					
	Ontwerp 'n inligtingstrooibiljet oor Suid-Afrika se bestuursregulasies wat aan die deelnemers aan The Awesome Race 2015, wat die 4x4-voertuie sal bestuur, gegee sal word. Sluit VIER feite op die strooibiljet in.			<b>(5)</b>		
<b>TOTAAL VIR FASE 1:</b>				<b>100</b>		

**THE AWESOME RACE 2015****FASE 2**

Die deelnemers het nou op die OR Tambo Internasionale Lughawe geland, is deur doeane en het na die plaaslike vertreksaal aanbeweeg vir hulle vlug na Upington in die Noord-Kaap.

Die uitdagings vind in die dorre deel van die Groen Kalahari-streek plaas:

- In Upington
- Al langs die Rooiduin-roete
- In die Kgalagadi Oorgrenspark
- By Hakskeenpan (waar hulle 'n wêreldgeleentheid sal bywoon)
- Naby Askham

Die finale kontrolepunt ('pit stop') is in Upington.

<b>8.</b>	<b>Kaartwerk</b>	<p>Die deelnemers ontvang 'n kaart van die Noord-Kaap (TOUR05) vir hulle laaste been van die wedloop.</p> <p>8.1 Voltooi die gegewe kaart.</p> <p>Ontwerp 'n sleutel ('legend') en gebruik die inligting in die sleutel om die volgende op die kaart aan te dui:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwerp 'n sleutel (4)</li> <li>• Simbole wat verblyfplekke wat gebruik word, aandui (1)</li> <li>• Roetemerkersimbole wat besienswaardighede en aktiwiteite aandui (1)</li> <li>• Trek die Rooiduin-roete met rooi ink (1)</li> <li>• Voeg die hoofwindstreke/kompasstreke in (N, O, S, W) (1)</li> </ul>	
	8.2	Bereken die afstand vanaf Upington na !Xaus-lodge via Askham.	<b>(8)</b>
			<b>(2)</b>
<b>9.</b>	<b>Uitdagings: Besienswaardighede en Aktiwiteite</b>		
		<i>Verwys na die woordelys aan die begin van die dokument.</i>	
		Daar word van deelnemers verwag om die uitdagings (aktiwiteite) suksesvol te voltooi om sodoende die leidraad na die volgende uitdaging te ontvang.	
		Gebruik die template (TOER06) om inligting te verskaf oor die uitdagings langs die Rooiduin-roete op:	
	9.1	Ompad ('Detour') 1: Duinbord-ry Ompad ('Detour') 2: Kameelritte op die duine	
	9.2	Padblokkade: Boogskiet met 'n tradisionele San-pyl-en-boog.	
		Jou inligting op die template vir 9.1 en 9.2 moet die volgende insluit:	
		• Ligging (1 x 3)	
		• Beskrywing van die aktiwiteit (2 x 3)	
		• Foto (1 x 3)	
		• EEN veiligheidsmaatreël (2 x 3)	
	9.3	Uitdaging: Gaan haal twee volstruiseiers uit 'n volstruisnes uit.	
		• Beskrywing van die aktiwiteit (2)	
		• Foto (1)	
		• EEN moontlike gevaar wat met hierdie aktiwiteit verband hou (2)	<b>(23)</b>

10.	<p><b>Reisprogram</b></p> <p>Hieronder is 'n vyfdag-oorsig van die wedloopbesonderhede en aktiwiteite wat vir die deelnemers in die Noord-Kaap voorberei is.</p>
	<p><b>Dag 6:</b> Johannesburg na Upington-lughawe</p> <p>Vervoer: Vlug vanaf Johannesburg na Upington 4x4-voertuie by die lughawe (geborg) Riviertaxi na die Eiland-vakansie-oord (Sakkie's Adventures, Upington)</p> <p>Verblyf en etes: Eiland-vakansie-oord (Upington)</p> <p>Aktiwiteite: Geen</p>
	<p><b>Dag 7:</b> <b>Upington na !Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark)</b></p> <p>Vervoer: Riviertaxi (Sakkie's Adventures, Upington) 4x4-voertuie (geborg)</p> <p>Verblyf en etes: !Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark</p> <p>Aktiwiteite: Witwater-vlotvaart ('White rivier rafting') (Sakkie's Adventures, Upington) Ompaaie ('Detours'): Duinbord-ry of kameelritte met die Rooiduin-roete noord van Upington</p>
	<p><b>Dag 8:</b> <b>!Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark)</b></p> <p>Vervoer: 4x4-voertuie (geborg)</p> <p>Verblyf en etes: !Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark</p> <p>Aktiwiteite: TWEE dagaktiwiteite wat die plaaslike San-gemeenskap insluit (!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark) TWEE nagaktiwiteite (!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark)</p>
	<p><b>Dag 9:</b> <b>!Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark) na Hakskeenpan (Mier) na Molopo-lodge (Askham)</b></p> <p>Vervoer: 4x4-voertuie (geborg)</p> <p>Verblyf en etes: Molopo Kalahari-lodge naby Kgalagadi Oorgrenspark</p> <p>Aktiwiteite: Woon Bloodhound-geleentheid naby Mier by</p>
	<p><b>Dag 10:</b> <b>Molopo-lodge (Askham) na Donkie-monument (Upington) na Upington-lughawe</b></p> <p>Vervoer: 4x4-voertuie (geborgde) Vlug vanaf Upington na Johannesburg</p> <p>Verblyf en etes: Geen (vlug na Johannesburg)</p> <p>Aktiwiteite: <b>Uitdaging:</b> Vind 'n volstruisnes op die pad na Askham en haal TWEE eiers uit die nes <b>Padblokkade:</b> Boogskietaktiwiteit saam San-mense by Askham Finale kontrolepunt ('pit stop') by Donkie-monument in Upington</p>



	<p>Stel 'n gedetailleerde reisprogram vir elk van die vyf dae in 'n paragraaf-formaat saam. Die reisprogram moet in volsinne uitgeskryf word. Sluit al die inligting in wat in die vyfdag-oorsig hierbo verskaf word.</p> <p>Jou reisprogram moet die volgende inligting insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vlugte (aankoms- en vertrektye waar van toepassing)</li> <li>• Water- en padvervoer (optelpunte)</li> <li>• Verblyf en etes</li> <li>• Beskrywings van aktiwiteite en/of besienswaardighede</li> </ul> <p>Punte sal vir die formaat en logiese beplanning toegeken word.</p>					
	<b>Dag 6</b>	<b>Dag 7</b>	<b>Dag 8</b>	<b>Dag 9</b>	<b>Dag 10</b>	
	9 punte	8 punte	8 punte	6 punte	7 punte	<b>(38)</b>
<b>11.</b>	<b>Poskaart</b>					
	<p>Ontwerp 'n poskaart wat die San Kulturele Dorpie by !Xaus-lodge in die Kgalagadi Oorgrenspark uitbeeld.</p> <p>Sluit die volgende elemente op die poskaart in: Voorkant:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Groet in die San-taal (2)</li> <li>• DRIE prente/tekening van San-kuns (3)</li> <li>• Suid-Afrika se nuutste handelsmerklogo (2)</li> </ul> <p>Agterkant:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Formaat vir boodskap en adres (2)</li> </ul>					<b>(9)</b>
<b>12.</b>	<b>Onderhoud</b>					
	<p>Die Meksikaanse paartjie is aangewys as die algehele wenners van The Awesome Race 2015. Die wenpaartjie was baie beïndruk met die dorre streek van die Groen Kalahari. Die media het 'n onderhoud met een van die wendeelnemers gevoer.</p> <p>In 'n paragraaf van ongeveer 100 woorde, som die deelnemer se ervaring van die dorre Groen Kalahari-streek as 'n toeristebestemming op. (5 x 2)</p>					<b>(10)</b>
<b>13.</b>	<b>Bibliografie</b>					
	<p>Sluit 'n bibliografie op die laaste bladsy van die PAT in. ('n Minimum van TWEE bronne moet genoem word.)</p>					<b>(2)</b>
<b>14.</b>	<b>Inhoudsopgawe</b>					
	<p>Ontwerp 'n inhoudsopgawe op bladsy 1 van die PAT vir VRAAG 1–13 met hulle ooreenstemmende bladsynommers.</p>					<b>(2)</b>
<b>15.</b>	<b>Finale aanbieding</b>					
	<p>Hou die volgende in gedagte wanneer jy jou PAT saamstel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Stel jou PAT saam volgens vraagvolgorde. (2)</li> <li>• Wees bedag op die korrekte spelling en taalgebruik. (2)</li> <li>• Skep 'n goeie algehele indruk. (2)</li> </ul>					<b>(6)</b>
<b>TOTAAL VIR FASE 2:</b>						<b>100</b>
<b>GROOTTOTAAL:</b>						<b>200</b>

3.6 **Assesseringsinstrument**

**THE AWESOME RACE 2015**  
**ASSESSERINGSINSTRUMENT FASE 1**

**Naam van Leerder:** ..... **Graad:** .....

**T = Onderwyser/M = Moderator**

<b>1.</b>	<b>Voorblad</b>	<b>4 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Voorblad is ontwerp en dui die volgende aan: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Collage met byskrifte wat 'n oorspronklike slagspreuk vir die wedloop uitbeeld✓</li> <li>• Die amptelike logo van die wedloop✓</li> <li>• Die vier bene van The Awesome Race 2015✓✓</li> </ul> 'n Collage wat die aktiwiteite/ikone van die vier bene van The Awesome Race 2015 illustreer.			
<b>2.</b>	<b>Deelnemers aan The Awesome Race 2015 se profiele</b>	<b>8 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Profiel vir elk van die twee Meksikaanse deelnemers aan The Awesome Race 2015 is saamgestel en sluit die volgende in tabelvorm in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Foto's ✓+ ✓</li> <li>• Verwantskap met mekaar ✓+ ✓</li> <li>• Ouderdomsgroep ✓+ ✓</li> <li>• Beroep ✓ + ✓</li> </ul>			
<b>3.</b>	<b>The Awesome Race 2015-roetekaart</b>	<b>6 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	3.1 Die roete en reisrigting vir elke been van The Awesome Race 2015 is op die kaart aangedui met gekleurde ink, lyne en pyle. ✓✓ (2)			
	3.2 Die tydsone vir elk van die besienswaardighede wat tydens die wedloop besoek gaan word, is op die tydsonekaart aangedui. ✓✓✓✓ (4)			
<b>4.</b>	<b>Verblyf</b>	<b>14 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	Die volgende vir elke soort verblyf is verskaf: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Naam ✓ + ✓ (2)</li> <li>• Ligging: volledige fisiese adres✓+✓ en EEN kontakbesonderhede ✓+✓ (4)</li> <li>• TWEE dienste wat by elke verblyfplek beskikbaar is✓✓+✓✓ (4)</li> <li>• EEN rede is verduidelik waarom die organiseerders van die wedloop elke soort verblyf as 'n kontrolepunt ('pit stop') vir hierdie been van die wedloop gekies het.✓✓ + ✓✓ (4)</li> </ul>			

<b>5.</b>	<b>5.1 Besienswaardighede</b>	<b>18 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	5.1.1 Die koeverte is ontwerp en gekoppel aan The Awesome Race-formaat. ✓✓ (2)			
	5.1.2 Leidrade sluit die stad/dorp✓, die naam van die aktiwiteit/besienswaardigheid✓ en EEN beskrywing✓✓ van elke besienswaardigheid of aktiwiteit geskep, in. (4 x 4)			
	<b>5.2 Webtuiste-artikel</b>	<b>20 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Artikel (250–300 woorde) is geskryf vir The Awesome Race 2015-webtuiste waarin die volgende verduidelik is: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die rol van UNESCO✓✓ (2)</li> <li>• Die korrekte rede is gegee waarom daar aan UNESCO se kriteria voldoen is. ✓✓ (2)</li> <li>• VYF faktore van 'n suksesvolle toeristebesienswaardigheid is gegee met relevante voorbeelde van hierdie Wêrelderfenisterrein. (✓✓✓✓✓ + ✓✓✓✓✓) (5 x 2)</li> <li>• EEN punt per pilaar is bespreek oor hoe hierdie ikoon aan die drie-dubbele-slotreël-benadering van volhoubare en verantwoordelike toerisme voldoen. (✓✓+✓ ✓+✓✓) (3 x 2)</li> </ul>			
<b>6.</b>	<b>Visum-aansoek</b>	<b>10 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	6.1 Die aansoekvorm vir EEN van die deelnemers is korrek voltooi. ✓✓✓✓✓ (5)			
	6.2 'n Afmerklys van VYF ondersteunende dokumente wat saam met die voltooide visum-aansoekvorm ingelewer moet word, is ingesluit. ✓✓✓✓✓ (5)			
<b>7.</b>	<b>Doeanevereistes</b>	<b>20 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	7.1 'n Relevante en korrekte lys van die doeane- en ander toegangsvereistes vir die drie lande is gegee en EEN voorbeeld van elke land is verskaf.			
		<b>Peru</b>	<b>Brasilië</b>	<b>Suid-Afrika</b>
	7.1.1 Beperkte items	✓	✓	✓ (3)
	7.1.2 Verbode items	✓	✓	✓ (3)
	7.1.3 Belastingvrye bedrag	✓	✓	✓ (3)
	7.1.4 Gesondheidsvereistes	✓	✓	✓ (3)
	7.2 Prente van elk van die geldeenhede wat in die volgende lande gebruik word, is gegee: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Meksiko✓</li> <li>• Peru ✓</li> <li>• Brasilië✓</li> </ul> (3)			
	7.3 <b>Internasionale bestuur</b> 'n Inligtingstrooibiljet met VIER feite oor Suid-Afrika se bestuursregulasies is ontwerp. ✓✓✓✓ Formaat van 'n strooibiljet ✓ (5)			
<b>TOTAL VIR FASE 1:</b>				<b>100</b>

**THE AWESOME RACE 2015**  
**ASSESSERINGSINSTRUMENT**  
**FASE 2**

**Naam van Leerder:** ..... **Graad:** .....

**T = Onderwyser/M = Moderator**

8.	Kaartwerk:	10 punte	T	M
	8.1 Die kaart is voltooi en die volgende inligting is op die kaart aangedui:			
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Sleutel is ontwerp ✓✓✓✓ (4)</li> <li>• Simbole is gebruik om die verblyfplekke aan te dui ✓ (1)</li> <li>• Roetemerkersimbole wat die besienswaardighede en aktiwiteite aandui, is gebruik ✓ (1)</li> <li>• Die Rooiduin-roete is met rooi ink aangedui ✓ (1)</li> <li>• Die hoofwindstreke/kompasstreke (N, O, S, W) is aangedui ✓ (1)</li> </ul>			
	8.2 Die afstand vanaf Uppington na !Xaus-lodge via Askham is korrek bereken. ✓✓ (2)			

9.	Uitdagings: Besienswaardighede en Aktiwiteite	23 punte	T	M
	<b>9.1 Ompad ('Detour') 1: Duinbord-ry</b>			
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die naam van die plek waar die aktiwiteit gaan plaasvind, is gegee ✓ (1)</li> <li>• EEN beskrywing van die aktiwiteit is gegee ✓✓ (2)</li> <li>• EEN foto is ingesluit ✓ (1)</li> <li>• EEN veiligheidsmaatreël is gegee ✓✓ (2)</li> </ul>			
	<b>Ompad ('Detour') 2: Kameelritte</b>			
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die naam van die plek waar die aktiwiteit gaan plaasvind, is gegee ✓ (1)</li> <li>• EEN beskrywing van die aktiwiteit is gegee ✓✓ (2)</li> <li>• EEN foto is ingesluit ✓ (1)</li> <li>• EEN veiligheidsmaatreël is gegee ✓✓ (2)</li> </ul>			
	<b>9.2 Padblokkade: Boogskiet met 'n tradisionele San-pyl-en-boog</b>			
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die naam van die plek waar die aktiwiteit gaan plaasvind, is gegee ✓ (1)</li> <li>• EEN beskrywing van die aktiwiteit is gegee ✓✓ (2)</li> <li>• EEN foto is ingesluit ✓ (1)</li> <li>• EEN veiligheidsmaatreël is gegee ✓✓ (2)</li> </ul>			
	<b>9.3 Uitdaging: Haal volstruiseiers uit 'n nes</b>			
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• EEN beskrywing van die aktiwiteit is gegee ✓✓ (2)</li> <li>• EEN foto is ingesluit ✓ (1)</li> <li>• EEN moontlike gevaar wat met hierdie aktiwiteit verband hou, is gegee ✓✓ (2)</li> </ul>			

<b>10.</b>	<b>Reisprogram</b>	<b>38 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Gedetailleerde vyfdag-reisprogram vir die deelnemers is saamgestel en die volgende inligting is gegee:			
	<b>Dag 6: Johannesburg na Upington lughawe (9)</b>			
	Vervoer:	Vlug vanaf Johannesburg na Upington✓ 4x4-voertuie by die lughawe (geborg)✓ Riviertaxi na die Eiland-vakansie-oord (Sakkie's Adventures, Upington)✓		
	Verblyf en etes:	Eiland vakansie-oord (Upington)✓✓✓		
	Aktiwiteite:	Geen✓		
	Formaat:	Paragraaformaat is gebruik✓		
	Korrekte volgorde:	Logiese volgorde is gebruik✓		
	<b>Dag 7: Upington na !Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark) (8)</b>			
	Vervoer:	Riviertaxi (Sakkie's Adventures, Upington)✓ 4x4-voertuie (geborg)		
	Verblyf en etes:	!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark✓✓		
	Aktiwiteite:	Witrivier-vlotry ('white rivier rafting') (Sakkie's Adventures, Upington)✓ <b>Ompaaie ('Detours'):</b> Duinbord-ry op die Rooiduin-roete noord van Upington✓✓ <b>OF</b> Kameelritte op die Rooiduin-roete noord van Upington		
	Formaat:	Paragraaformaat is gebruik✓		
	Korrekte volgorde:	Logiese volgorde is gebruik✓		
	<b>Dag 8: !Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark) (8)</b>			
	Vervoer:	4x4-voertuie (geborg)✓		
	Etes:	!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark✓		
	Aktiwiteite:	TWEE dagaktiwiteite wat die plaaslike Sangemeenskap insluit✓✓ (!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark) TWEE nagaktiwiteite✓✓ (!Xaus-lodge in Kgalagadi Oorgrenspark)		
	Formaat:	Paragraaformaat is gebruik✓		
	Korrekte volgorde:	Logiese volgorde is gebruik✓		
	<b>Dag 9: !Xaus-lodge (Kgalagadi Oorgrenspark) na Hakskeenpan (Mier) na Molopo-lodge (Askham) (6)</b>			
	Vervoer:	4x4-voertuie (geborg)		
	Verblyf en etes:	Molopo Kalahari-lodge naby Kgalagadi Oorgrenspark✓✓		
	Aktiwiteite:	Woon Bloodhound-geleentheid naby Mier by✓✓		
	Formaat:	Paragraaformaat is gebruik✓		
	Korrekte volgorde:	Logiese volgorde is gebruik✓		

<b>Dag 10: Molopo-lodge (Askham) na Donkie-monument (Upington) na Upington-lughawe (7)</b>		<b>T</b>	<b>M</b>
Vervoer:	4x4-voertuie (geborg) Vlug vanaf Upington na Johannesburg✓		
Verblyf:	Geen (vlug na Johannesburg)		
Aktiwiteite:	Padblokkade: Boogskietaktiwiteit saam met San- mense by Askham✓✓ Finale kontrolepunt ('pit stop') by Donkie-monument in Upington✓✓		
Formaat:	Paragraaformaat is gebruik✓		
Korrekte volgorde:	Logiese volgorde is gebruik✓		

<b>11.</b>	<b>Poskaart</b>	<b>9 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Poskaart wat die San Kulturele Dorpie by !Xaus-lodge in die Kgalagadi Oorgrenspark uitbeeld, is ontwerp met die volgende elemente:			
	Voorkant:			
	• Groet in die San-taal ✓✓	(2)		
	• DRIE prente/tekeninge van San-kuns is ingesluit ✓✓✓	(3)		
	• Suid-Afrika se nuutste handelsmerklogo is gebruik✓✓	(2)		
	Agterkant:			
	• Korrekte formaat vir boodskap en adres	(2)		

<b>12.</b>	<b>Onderhoud</b>	<b>10 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	Die deelnemer se ervaring van die dorre Groen Kalahari-streek as 'n toeriste-bestemming, is opgesom in 'n paragraaf van VYF punte. ✓✓✓✓✓ (5 x 2)			

<b>13.</b>	<b>Bibliografie</b>	<b>2 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	'n Bibliografie is ingesluit op die laaste bladsy. ✓✓			

<b>14.</b>	<b>Inhoudsopgawe</b>	<b>2 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	Die inhoudsopgawe weerspieël die korrekte vraagvolgorde en die ooreenstemmende bladsynommers. ✓✓			

<b>15.</b>	<b>Finale aanbieding</b>	<b>6 punte</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
	Die PAT is saamgestel deur die volgorde van die vrae te volg. ✓✓ Korrekte spelling en taalgebruik ✓✓ Algehele indruk ✓✓			

**TOTAAL VIR FASE 2: 100**

<b>TOTALE PUNTE VIR DIE PAT</b>	<b>T</b>	<b>M</b>
PUNTE VIR FASE 1: 100 PUNTE		
PUNTE VIR FASE 2: 100 PUNTE		
<b>GROOTTOTAAL: 200 PUNTE</b>		

HANDTEKENING VAN ONDERWYSER
DATUM:

HANDTEKENING VAN MODERATOR
DATUM:

#### 4. BRONNELYS

- 4.1 PAT-puntestaat (TOER01)
- 4.2 Nasionale modereringsinstrument (TOER02)
- 4.3 Leerder se Verklaring van Egtheid (TOER03)
- 4.4 Onderwyser se Verklaring van Egtheid (TOER04)
- 4.5 Kaarte van die Noord-Kaap
- 4.6 Template (TOER06)

## 4.1 PAT-puntestaat (TOER01)



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**PAT-PUNTESTAAT  
(TOER01)**

<b>Skool:</b>	
<b>Onderwyser:</b>	

NR	NAAM VAN LEERDER Voorbeeld: Tambo, Johannes, CP  (Nie per klas nie – noem ALLE leerders alfabeties)	Laaste 3 syfers van die eksamen- nommer	FASE 1	FASE 2	TOTAAL		Gemodereerde punt
			100	100	200	100	100
1							
2							
3							
4							
5							
6							
7							
8							
9							
10							

**ONDERWYSER:** \_\_\_\_\_ **DATUM:** \_\_\_\_\_



## 4.2 Nasionale modereringsinstrument (TOER02)

**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE PAT-MODERERINGSINSTRUMENT VIR TOERISME  
(TOER02)**

<b>PROVINSIE</b>	
<b>DISTRIK</b>	
<b>NAAM VAN SENTRUM</b>	
<b>ONDERWYSER</b>	
<b>MODERATOR</b>	
<b>MODERERINGSDATUM &amp; -VLAK</b>	

<b>PAT-MODERERING</b>		
<b>NAME VAN GESELEKTEERDE KANDIDATE</b>	<b>100</b>	
	<b>T</b>	<b>M</b>
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
<b>TOTAAL</b>		
<b>GEMIDDELD VAN STEEKPROEF = (Totaal ÷ aantal geselekteerde kandidate)</b>		
<b>GEMIDDELDE VERSKIL (%)</b>		

**T = Onderwyser en M = Moderator**

MONITERINGSADFDELING		JA	NEE	OPMERKING
<b>1.</b>	<b>ONDERWYSER</b>			
	Die PAT-riglyne sowel as die onderwysermemo is beskikbaar.			
	Amptelike puntestate is voltooi, geteken, gestempel en ingesluit.			
	Alle leerders het 'n punt vir fase 1 en 2			
	Indien geen punte vir óf fase 1 óf fase 2 nie, is geldige bewyse/redes ingesluit.			
	Alle punte is korrek opgetel, omgeskakel, aangeteken en oorgedra.			
	Verklaringsvorm is geteken.			
<b>2.</b>	<b>LEERDER-PAT-BEWYSE</b>			
	Verklaringsvorm is onderteken.			
	Fase 1 en 2 is met die toepaslike assesseringsinstrument geassesseer.			
	Alle punte is korrek opgetel, omgeskakel, aangeteken en oorgedra.			
<b>3.</b>	<b>MODERERINGSPROSES</b>			
	Daar is by die modereringsdatum gehou.			
	Alle leerders se lêers is beskikbaar soos geselekteer.			
	Was daar enige onreëlmatige aktiwiteite gedurende die modereringsproses?			
	Moderering is gedoen volgens nasionale beleid en -riglyne.			

4. KWALITEIT EN STANDAARD VAN DIE PAT			
Gebaseer op die waarnemings gedurende die modereringssessie en die moderering van die bewyse verskaf, is die kwaliteit en standaard van die PAT:			
<b>Uitstaande</b>	<b>Aanvaarbaar</b>	<b>Gedeeltelik aanvaarbaar</b>	<b>Onaanvaarbaar</b>

UITSLAE VAN BEVINDINGE:			
1. Gebaseer op die voorbeelde wat gemodereer is, word die punte aanvaar as geldig, regverdig en betroubaar sonder enige aanpassings.			
2. Gebaseer op die voorbeelde wat gemodereer is, moet die PAT weer ingelewer word.			
3. Gebaseer op die voorbeelde wat gemodereer is, is die punte soos volg aangepas:			
Opwaarts aangepas (Dui % aan)		Afwaarts aangepas (Dui % aan)	

OPMERKINGS	
<b>Handtekening: Onderwyser</b>	<b>Provinsiale Moderator:</b>
<b>Vakadviseur:</b>	<b>Datum:</b>

4.3 **Leerder se Verklaring van Egtheid (TOER03)****basic education**Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**LEERDER SE VERKLARING VAN EGTHEID  
(TOER03)**

<b>NAAM VAN SKOOL:</b>	
<b>NAAM VAN LEERDER:</b>	
<b>EKSAMENNOMMER:</b>	
<b>GRAAD:</b>	

Ek verklaar hiermee dat ALLE ITEMS wat in hierdie portefeulje ingesluit is, my eie, oorspronklike werk is en dat waar ek gebruik gemaak het van enige bron, ek dit hier verklaar.

HANDTEKENING: LEERDER

DATUM:

Sover my kennis strek, is die verklaring deur die leerder hierbo, waar en ek aanvaar dat die werk wat ingelewer is, sy/haar eie is.

HANDTEKENING: ONDERWYSER

DATUM:

**SKOOLSTEMPEL**

4.4 **Onderwyser se Verklaring van Egtheid (TOER04)****basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**ONDERWYSER SE VERKLARING VAN EGTHEID  
(TOER04)**

<b>NAAM VAN SKOOL:</b>	
<b>NAAM VAN ONDERWYSER:</b>	

**Ek verklaar hiermee dat:**

- Ek alles in my vermoë gedoen het om te verseker dat leerders voldoen aan die instruksies soos dit in die PAT-dokument uiteengesit is.
- Ek het genoegsame navorsingsmateriaal vir die leerders beskikbaar gestel het.
- Ek het leerders deur die PAT-proses ondersteun en gelei het.
- Alle items wat in hierdie portefeulje vervat is deur my nagesien is.
- Die punte wat aan leerders toegeken is en op die puntetaal oorgedra is, geldig en regverdig is.

HANDTEKENING: ONDERWYSER

DATUM:


Sover my kennis strek, is die verklaring hierbo deur die onderwyser die waarheid.

HANDTEKENING: SKOOLHOOF

DATUM:

**SKOOLSTEMPEL**


4.5 Kaarte van die Noord-Kaap (TOER05)






4.6 **Template van The Awesome Race-spelkaart (TOER06)**

Voorbeeld van 'n voltooide ompad-('detour') wedloopkaart:





**6. GEVOLGTREKKING**

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreeer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.